13 November 2020
NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Wat maak Sardaville so lekker? - *Fay van Eeden*

Met covid-19 en die inperking het dit op tye gelyk of Sardaville nie in 2020 sou realiseer nie. Groot was almal se verligting toe ons tog einde Oktober deur die plaashekke ry vir die jaarlikse naweek saam met die seuns van Jakaranda se Huis 8. Dit was my, Peet en Amélie se eerste Sardaville en dit was 'n fees gewees. Dit was lekker om saam met die Huis agt'ers te kuier en die manne beter te leer ken. Voordat ons ons oë kon uitvee was die naweek verby gewees.

Op pad terug gesels ek en Peet oor wat maak die Sardaville naweek so spesiaal. Is dit die opry teen die berg om die pragtige Vrystaat se vlaktes te bekyk, óf die swem en kleilatspeel in die dam? Dalk is dit die laatnag laternbekruip? Óf miskien is dit teiken skiet saam met oom Zottie, óf braai saam met oom Jan? Dalk is dit die heerlike kos en kuier waarvoor tannie Retha sorg. Óf is dit tannie Cathy se peppermintcrisp tert óf drukkies?

Ons konklusie: Dit is 'n klomp Stellastraters wat al vir jare hulself, hulle tyd en hulpbronne beskikbaar stel om hierdie naweek moontlik te maak. Wat 'n voorreg om saam met hulle te mag dien.

Sondag 15 November se eredienste

Die **08:30 erediens** word deur Tienie gelei. Die tema van die diens is *"Ons is vir almal om te lees"* en die teks is 2 Kor 3:1-6. Ons dink na oor die verskil tussen "fop-nuus" en nuus wat 'n verskil maak. Tydens die diens word Juliana de Beer gedoop. Die 08:30 erediens sal weer lewendig gevideo-stroom word op die **Stellastraat Live** kanaal/Youtube, jy kan ook op dié skakel kliek **www.youtube.com/c/stellastraatlive**

Die **10:00 erediens** word deur James gelei. ***Nogal op sy verjaarsdag! Byvoorbaat baie geluk met die besondere jaartal James, maar mag jy nooit terughou om te lewe en aan te hou met die goeie werk wat jy doen nie.*** Die tema van die diens is: *"Wat ons nou nodig het is wysheid"*, en die teks is uit Spreuke 1:1-7. Daar is kleuterkerk tydens die 10:00 diens, asseblief ons benodig hande om te help. Kontak Marina 082 872 3958.

Die **Adoramusdiens 18:00** in die kapel word deur Anton uit die pragtige Psalm 123 gelei en die tema is *"Ons oë is gerig op die Here"*.

Baie geluk en welkom aan
Juliana de Beer en haar ouers
Michelle en Nicohlas!

Onthou die bespreking!

Asseblief onthou dat u moet bespreek vir die eredienste. Gebruik asseblief die volgende skakel - **https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6** en as jy nie kan nie, bel sommer die kerkkantoor vandag nog (012 460 8570).

Borg asseblief weer 'n tassie vir 'n kind!

Soos in die verlede ondersteun ons weer hierdie jaar 5 kleuterskole se leerders met 'n eerste skooltassie en/of skryfbehoeftes as deel van ons bydrae tot vroeë kinderontwikkeling. Help ons asseblief met hierdie inisiatief deur 'n tassie te borg. Hulle kos R400 elk, maar enige bedrag is welkom en sal ons help om ons begroting te laat klop (Die totale bedrag benodig vir hierdie projek is R61,000). Merk asb. jou inbetaling **"Tassies"** sodat ons dit reg kan allokeer.

Kerssangdiens 29 November 2020

Maak jou solank reg vir 'n buitengewone kerssangdiens 2020! Vanjaar op Sondag **29 November**, en om dit moontlik te maak dat meer mense kom, gaan ons dit in die buitelug hou. By die kerk. Fay, Maricus en Jattie maak groot planne om dit 'n onvergeetlike aand van sang en musiek te maak.

Kersfeeskosmark op 4 Desember

Die bestellings vir die Kerfeeskosmark is oop!

Bestellings kan geplaas word op die ***Foodbooking-toepassing*** elke dag vanaf 08:00 tot 19:00 tot en met 28 November 2020.

Hoe werk dit op die *Foodbooking-toepassing*?

1. Laai die ***Foodbooking-toepassing*** af.
2. Plaas jou bestelling en betaal. Indien jy met 'n EFT betaal gebruik asseblief KOSMARK + jou van as verwysing.
3. Laai jou lekkernye by die gemeente op tussen 16:00 en 19:00 op 4 Desember 2020.

Jy kan ook op die volgende skakel kliek vir die spyskaart en die bestelvorm - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Kersfees-Kosmark-Spyskaart.pdf**
Bestellings kan ge-epos word aan admin@stellastraat.co.za of by die Kerkkantoor ingegee word.

Diensjaar vir Christus

Om 'n jeuggroepleier te wees, is beslis 'n groot diens. Dit is 'n voorreg om saam met jongmense hulle geloofsreis mee te maak maar dit is beslis ook 'n diens. Dit vra iets van jou. Dit vra dat jy jongmense ook sal help met hulle geloofsvrae. Dit vra dat jy sal help om jongmense aan mekaar te laat verbind. Aan die einde van die jaar beleef jy hopelik die voorreg van om indiens van die Here te wees. Ons benodig ten minste **30 groepleiers** vir die Kleuterkerk; Junior jeuggroepe (Gr 1-7) en Senior jeuggroepe (Gr 8-10). As jy sou belangstel, kontak asseblief vir Tienie (083-6275086).

Vakature vir 'n finansiële beampte - Stellastraat

NG Stellastraat beskik tans oor 'n vakature vir 'n finansiële beampte.

Die pos sluit die volgende take in:

- Gerekenariseerde boekhouding tot balansstaat;
- Debiteure-, krediteure- en kasboekfunksies;
- Maandelikse rekonsiliasies en prosessering van joernale;
- Salarisadministrasie;
- Voorsiening van bestuursinligting;
- Ander ad-hoc administratiewe en finansiële funksies;
- Opstel van agendas en neem van notules vir Diensgroep Administrasie;
- Opstel van finansiële state en verslagdoening van maandelikse bestuurstate teenoor begroting.

'n Toepaslike naskoolse kwalifikasie in Finansiële Rekeningkunde, tesame met bedrewenheid in Pastel Partner en Excel is voorvereistes vir hierdie aanstelling.

Vergoeding is onderhandelbaar in ooreenstemming met kwalifikasies en verantwoordelikhede.
Navrae kan gerig word aan Susan Visagie (082 309 4255) en aansoeke word gerig aan Malan Nel malannelup@gmail.com

Ongesteld

Irmgard Basson van Pienaarstraat 419, Brooklyn is in die hospitaal opgeneem vir 'n operasie. **Susan Visagie** van Yellowwoodweg 9, Irene Farm Villages is steeds ongesteld.

Nuwe lidmate

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate - Wikus, Renate, Catha en Elian Engelbrecht van Mackenziestraat 302, Brooklyn. Yolanda en Cathy Spangenberg van 19de straat 22, Menlopark. Sarel en Cinette Etsebeth van Maraisstraat 208, Brooklyn.

Verjaarsdae 15 -21 November

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 15 November:
Danie Botha, Nienke de la Bat, Arista du Plessis, Lilian du Toit, James Kirkpatrick, Michiel le Roux, Edine Loosman, Jané Pretorius, Sheila van Marle, Bertus van Zyl.

Maandag 16 November:
Lardus Basson, Jan Breed, Bennie Kleinhans, Jurie Lombard, Leonét Steyn, Morné van Rooyen, Maya van Schalkwyk, Jandré Venter.

Dinsdag 17 November:
Estelle Janse van Rensburg, Annatjie Kotzé, Pieter Senekal.

Woensdag 18 November:
Nelsie Briel, Adrienne Geldenhuys, Mari Kirkpatrick, Iréne Neethling, Cathy Pretorius, Anton Smit, Mariana Stanbury, Donèt Steyn, Anna van der Merwe.

Donderdag19 November:
Hannes Bezuidenhout, Elsie de Beer, Hanlie Eloff, Elske Nel, Ihette Senekal, Francois Venter, Magriet von Solms.

Vrydag 20 November:
Anton de Jongh, Riana Erasmus, Jos Pieterse, Janine Strijdom, Mathieu van der Aerschot.

Saterdag 21 November:
Roelof Botha, Annatjie Collett, Paul Eloff, Nita Ferreira, Margaretha Hofmeyer, Nicolene Jacobs, Anna-Mart Opperman, Lodiwikus van Staden.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za